WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

TENDER KENNISGEWINGS

WDM 20/2020
HUUR VAN BEKISTING SISTEME, DIENSTE EN VERWANTE PRODUKTE VIR DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT VIR DIE PERIODE VANAF DATUM VAN AANSTELLING TOT 30 JUNIE 2023

Tenders word hiermee aangevra vir die huur van bekisting sisteme, dienste en verwante produkte vir die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die periode vanaf datum van aanstelling tot 30 Junie 2023.

Die 80/20 punte formule soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Tegniese navrae kan gerig word na Mnr G Wentzel by tel. no 022 433 28400.

WDM 37/2020
VOORSIENING EN AFLEWERING VAN 'N VRAGMOTOR VIR DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

Tenders word hiermee aangevra vir die voorsiening en aflewering van 'n vragmotor vir die Weskus Distrikmunisipaliteit Waterwerke Withoogte**.**

'n Verpligte terreinvergadering sal op **Dinsdag, 22 September 2020** om 11h00 te Withoogte Kantore gehou word.

Die 80/20 punte formule soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Tegniese navrae kan gerig word na Mnr M Visser by tel. no 022 433 2352.

WDM 38/2020
VOORSIENING, AFLEWERING EN DIENSTE VAN STAAL EN VERWANTE PRODUKTE VIR DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT VIR DIE PERIODE VANAF DATUM VAN AANSTELLING TOT 30 JUNIE 2023

Tenders word hiermee aangevra vir die voorsiening, aflewering van staal en verwante produkte vir die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die periode vanaf datum van aanstelling tot 30 Junie 2023.

Plaaslike Inhoud (Reg. 8) en die 80/20 punte formule soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Tegniese navrae kan gerig word na Mnr G Wentzel by tel. no 022 433 28400.

WDM 39/2020
VOORSIEN, AFLEWER, INSTALLEER EN INWERKINGSTEL VAN 2 VOLLEDIGE 400mm KLEPPE BY MISVERSTAND POMPSTSIE VIR DIE WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT

Tenders word hiermee aangevra vir die voorsiening,aflewering,installering en inwerkingstelling van 2 volledige 400mm Hek kleppe by Misverstand Pompstasie vir die Weskus Distrikmunisipaliteit.

'n Verpligte terreinvergadering sal op Dinsdag, 22 September 2020 om 9h00 te Misverstand Pompstasie gehou word.

Plaaslike Inhoud (Reg. 8) en die 80/20 punte formule soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Tegniese navrae kan gerig word na Mnr J vd Merwe by tel. no 022 433 2352.

Tenders mag slegs op die voorgeskrewe tender dokumente ingedien word en is verkrygbaar vanaf **Dinsdag, 15 September 2020** by die Voorsieningskanaalbestuurskantoor van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg,tel: 022 4338400 teen 'n nie-terug betaalbare deposito van R 300-00 per dokument. Bankbesonderhede kan verkry word via e-pos: scm@wcdm.co.za

Punte sal toegeken word aan tenderaars vir die verkryging van hul BBBEE status.

Tenderaars moet skrywe met pin kode, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, saam met die tenderdokument indien. Tenderaars moet ook verseker dat hulle op die Sentrale Verskaffersdatabasis (CSD) as 'n verskaffer geregistreer is.

Elektroniese tenders of faksimileë is nie toelaatbaar nie en tenders wat laat ontvang word of onvolledig is, sal nie in aanmerking geneem word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie.

Tenders sal geld vir 'n periode van 90 dae vanaf die tender sluitingsdatum.

Voltooide tenders in 'n verseëlde koevert met endossement: **"RELEVANTE TENDER NOMMER & BESKRYWING",** moet voor **12:00 op Woensdag, 14 Oktober 2020** in die tender bus van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg, geplaas word waarna dit oopgemaak sal word.

Mnr DC Joubert
Munisipale Bestuurder
Weskus Distrikmunisipaliteit
Posbus 242
MOORREESBURG
7310